basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DANSSTUDIES

RIGLYNE VIR PRAKTIESE ASSESSERINGSTAKE

GRAAD 12

2025

Hierdie riglyne bestaan uit 27 bladsye.
Hierdie riglyne moet in volkleur gedruk word.

Kopiereg voorbehou

INHOUDSOPGAWE

1.	**INLEIDING**		**3**
2.	**JAARLIKSE ASSESSERINGSPROGRAM**		**4**
3.	**ADMINISTRASIE VAN PAT EN ONDERWYSERRIGLYNE**		**5**
	3.1	PAT-nakoming met betrekking tot NSS-uitslae	5
	3.2	Assesserings- en modereringsvereistes	5
	3.3	PAT-implementering vir Dansstudies	5
	3.4	Tydraamwerk	6
	3.5	Ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede	6
	3.6	Stap 1: Voorbereiding	6
	3.7	Stap 2: Lesbeplanning	6
	3.8	Stap 3: Organisering van die leerders	7
	3.9	Stap 4: Joernaalvereistes	7
	3.10	Stap 5: Begeleiding van leerders in die opstel van 'n finale produk	8
4.	**PAT-TEMA VIR 2025**		**10**
5.	**LEERDERRIGLYNE: PAT-OPDRAG**		**11**
	5.1	Leerderinstruksies	12
	5.2	Groepwerk	12
	5.3	Tydraamwerk	12
	5.4	Ontleding van die choreografiese proses	13
6.	**VERKLARING VAN EGTHEID**		**20**
7.	**PAT-NASIENINSTRUMENTE**		**21**
	7.1	Kwartaal 1: PAT-proses-puntestaat	21
	7.2	Kwartaal 1: PAT-proses-nasienrubriek – Geskrewe Werk	22
	7.3	Kwartaal 1: PAT-proses-nasienrubriek – Prakties	23
	7.4	Kwartaal 2: PAT-produk-puntestaat	24
	7.5	Kwartaal 2: PAT-produk-nasienrubriek – Een-bladsy-programnota	25
	7.6	Kwartaal 2: PAT produk-nasienrubriek – Finale Dansuitvoering	26
8.	**VERWYSINGS**		**27**
9.	**GEVOLGTREKKING**		**27**

AKRONIEME	
KABV	Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring
VOO	Verdere Onderwys en Opleiding
NKV	Nasionale Kurrikulumverklaring
NSS	Nasionale Senior Sertifikaat
PAT	Praktiese Assesseringstaak
PVA	Program van Assessering
SGA	Skoolgebaseerde Assessering
JOP	Jaarlikse Onderrigplanne

1. INLEIDING

Die 18 Kurrikulum-en-assesseringsbeleidsverklaring-vakke wat 'n praktiese komponent bevat, sluit almal 'n praktiese assesseringstaak (PAT) in. Hierdie vakke is:

- LANDBOU: Landboubestuurswetenskappe, Landboutegnologie
- KUNS: Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste
- WETENSKAPPE: Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie, Tegniese Wetenskappe; Tegniese Wiskunde
- DIENSTE: Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme
- TEGNOLOGIE: Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Ingenieursgrafika en -ontwerp

'n Praktiese assesseringstaak (PAT) is 'n verpligte komponent van die finale bevorderingspunt vir alle kandidate ingeskryf vir vakke wat 'n praktiese komponent het en tel 25% (100 punte) van die eksamenpunt aan die einde van die jaar. Die PAT word oor die eerste drie kwartale van die skooljaar geïmplementeer. Dit word opgedeel in verskillende fases of 'n reeks kleiner aktiwiteite waaruit die PAT bestaan. Die PAT bied leerders die geleentheid om op 'n gereelde basis gedurende die skooljaar geassesseer te word en dit maak ook voorsiening vir die assessering van vaardighede wat nie in 'n skriftelike formaat, bv. toetse of eksamens, geassesseer kan word nie. Dit is dus belangrik dat skole seker maak dat al die leerders die praktiese assesseringstake binne die toegelate tydperk voltooi om te verseker dat leerders aan die einde van die skooljaar hulle uitslae ontvang. Die beplanning en uitvoering van die PAT verskil van vak tot vak. Die vak Dansstudies het EEN PAT.

Hierdie dokument handel oor die Graad 12-NSS-PAT. Alle provinsies moet hierdie riglyne administreer, aangesien die PAT 'n VERPLIGTE nasionale vereiste is.

Hierdie dokument moet saam met die volgende gelees word:

- Die *Kurrikulumverklaring (NKV) Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV):* Dansstudies (die algemene doelwitte van die Suid-Afrikaanse kurrikulum kan op bladsye 4 en 5 gevind word)
- Die nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die *Kurrikulumverklaring (NKV), Graad R–12*
- Die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assessering Graad R–12*
- Hersiene Graad 12-KABV-wysigings 2020
- Hersiene Nasionale Herstelplan, KABV, Afdeling 4: 2021–2023
- Nasionale Herstelplan JOP'e (Jaarlikse Onderrigplanne) Graad 10–12: 2023–2024

Dansstudies het ten doel om:

- Die liggaam as 'n instrument van uitdrukking te ontwikkel
- Veilige danspraktyke te bevorder
- Die leerder se danstegniek, styl, vorm en opvoervermoëns in 'n gekose dansvorm te ontwikkel
- Leerders aan danse van verskillende kulture bloot te stel
- Improvisasie en probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel
- Leerders in staat te stel om hulle eie choreografieë te skep, te vervaardig en aan te bied
- Die vermoë om krities te ontleed, te reageer, te geniet en oordeelkundige besluite oor dans te maak, te ontwikkel
- Deur middel van dans die vermoë om by sosiale, kulturele, omgewings- en gemeenskapskwessies betrokke te raak, te ontwikkel

2. JAARLIKSE ASSESSERINGPROGRAM

Daar is VYF formele take vir die jaar:

- **Take 1, 2 en 3** is skoolgebaseerde assessering (SGA/'SBA')
- **Taak 4** is 'n praktiese assesseringstaak (PAT) wat deel is van die finale eksamenpunt
- **Taak 5** is die NSS Vraestel 2-eksamen en die NSS Vraestel 1 skriftelike eksamen

<table>
<tr><th colspan="4">GRAAD 12 JAARLIKSE ASSESSERINGSPROGRAM VIR DANSSTUDIES</th></tr>
<tr><th colspan="4">SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING – SGA = 25% VAN DIE JAARPUNT</th></tr>
<tr><th>KWARTAAL 1</th><th>KWARTAAL 2</th><th>KWARTAAL 3</th><th>KWARTAAL 4</th></tr>
<tr><td>TAAK 1
Geskrewe toets =
50 punte (minimum)</td><td>TAAK 2
Geskrewe toets =
100 punte (minimum)</td><td>TAAK 3
Proefeksamen
Vraestel 1 = 150 punte</td><td rowspan="4"></td></tr>
<tr><td>10% gewigswaarde</td><td>15% gewigswaarde</td><td>25% gewigswaarde</td></tr>
<tr><td>Evalueringstaak =
50 punte (minimum)</td><td>Praktiese toets =
100 punte</td><td>Evalueringstaak –
Proefeksamen
Vraestel 2 = 100 punte</td></tr>
<tr><td>10% gewigswaarde</td><td>15% gewigswaarde</td><td>25% gewigswaarde</td></tr>
<tr><td colspan="3">Gewigswaarde van die drie take = 100% van totale SGA-jaarpunt</td><td></td></tr>
<tr><td colspan="4">SGA = 25% VAN JAARPUNT (50% skriftelik en 50% prakties)</td></tr>
<tr><th colspan="4">EKSAMENS = 75% VAN JAARPUNT</th></tr>
<tr><th>KWARTAAL 1</th><th>KWARTAAL 2</th><th>KWARTAAL 3</th><th>KWARTAAL 4</th></tr>
<tr><td colspan="2">TAAK 4 PAT</td><td colspan="2">TAAK 5</td></tr>
<tr><td>PROSES
Prakties = 25 punte</td><td>PRODUK
Prakties = 25 punte</td><td rowspan="2">NSS Vraestel 2-eksamen =
100 punte</td><td rowspan="2">NSS Vraestel 1-eksamen =
150 punte
herlei na 100 punte</td></tr>
<tr><td>Skriftelik = 25 punte</td><td>Skriftelik = 25 punte</td></tr>
<tr><td>15%</td><td>15%</td><td>35%</td><td>35%</td></tr>
<tr><td colspan="4">Gewigswaarde van die twee take = 100% van die totale EKSAMEN-jaarpunt</td></tr>
<tr><td colspan="4">PAT = 100 punte: 25% VAN EKSAMENPUNT (50% skriftelik en 50% prakties)
FINALE EKSAMEN = 200 punte: 50% VAN EKSAMENPUNT
(50% skriftelik en 50% prakties)</td></tr>
</table>

3. ADMINISTRASIE VAN DIE PAT EN ONDERWYSERRIGLYNE

Die doel en voordele van die PAT is om leerders inhoud, konsepte, vaardighede, bevoegdhede, houdings, waardes en noodsaaklike lewensvaardighede wat in die 21ste eeu nodig is, te leer. Die PAT moedig 'n aktiewe en kritiese leerbenadering vir leer aan, eerder as om gegewe waarhede soos 'n papegaai te leer ('rote learning'). Onderwysers is daarvoor verantwoordelik om hierdie proses saam met leerders te lei en te navigeer.

3.1 PAT-nakoming met betrekking tot NSS-uitslae

- Hierdie 2025 PAT-dokument moet in alle provinsies geïmplementeer word deur onderwysers en skole wat graad 12-Dansstudies aanbied.
- Die doel van hierdie riglyne is om gedetailleerde instruksies aan onderwysers en leerders te verskaf oor hoe om die PAT-inhoud te administreer en te bestuur om aan KABV-vereistes vir eksterne moderering te voldoen.
- Onderwysers is verantwoordelik vir die aanbieding van bewyse van die PAT (video-opnames, joernale en programnotas) vir eksterne modereringsdoeleindes.

3.2 Assesserings- en modereringsvereistes

- Die gewigswaarde is 50/50 vir die praktiese en geskrewe inhoud en mag nie aangepas word nie.
- Die choreografie moet 2–3 minute lank wees.
- Die rekordhoudingblaaie op bladsye 21 en 24 moet gebruik word om die punte vir elke afdeling wat vir voltooiing van hierdie PAT vereis word, vas te lê.
- Die nasienrubrieke op bladsye 22, 23, 25 en 26 gee leiding oor hoe die punte volgens leerderprestasie toegeken moet word.
- 'n Nulpunt mag nie toegeken word nie, tensy 'n leerder van alle assesseringsareas afwesig was. In so 'n geval moet die nodige dokumentasie wat die redes vir nie-indiening staaf, voorsien word.
- Elke leerder word individueel nagesien. Hierdie punte moet hulle bydrae en deelname aan die proses en die finale vertoning/uitkoms van die PAT weerspieël.
- Die proses is dikwels meer onthullend van die werklike waarde van 'n leerder se deelname/voorbereiding/kennis/eksperimentering/kreatiwiteit wat behaal is, as die finale produk wat geproduseer is en moet dus noukeurig deur onderwysers gemonitor word.
- Die PAT kan as 'n openbare optrede/skoolopvoering/byeenkoms of in die dansklas gedoen word.
- Onderwysers is verantwoordelik vir die samestelling van video-opnames van elke leerder/groep se choreografie en die versameling van alle joernale en programnotas vir eksterne moderering.
- Puntestate met die leerders se name, datum van assessering, handtekeninge en punte moet in die onderwyser se portefeulje wees.
- Sodra die proses voltooi is, moet alle leerderjoernale en videobewyse beskikbaar wees vir interne HOD-/provinsiale/DBE-/Umalusi-moderering.

3.3 PAT-implementering vir Dansstudies

- Die PAT is 'n verpligte komponent van die finale graad 12-VOO-bevorderingspunt.
- Indien 'n leerder versuim om die PAT te voltooi, sal die leerder 'n onvoltooide/onvoldoende punt kry en die leerder sal nie aan die einde van die jaar sy/haar uitslae kry nie.

KWARTAAL 1 PAT-PROSES	KWARTAAL 2 PAT-PRODUK	PAT-JAARPUNT (25%)
• 25 punte skriftelik • 25 punte prakties	• 25 punte skriftelik • 25 punte prakties	**100 PUNTE**
50 PUNTE	**50 PUNTE**	

3.4 Tydraamwerk

- Daar word aanbeveel dat die PAT in Kwartaal 1 en 2 gedoen word. Tyd moet op die skool-rooster vir beide kwartale toegeken word. Dit moet die praktiese en geskrewe afdelings insluit.
- Bykomende tyd gedurende tussenposes/pouses en ná skool kan tussen die onderwyser en die leerders vir terugvoering en individuele aandag gereël word. Dit sal onderwysers in staat stel om groepe by te staan/leiding in enige area/geestelike blokke wat hulle mag teëkom, asook om raad vir verbeterings te gee.
- Finale assesseringsdatums moet vooraf aan die leerders/die skool verskaf word.

3.5 Ontwikkeling van 21ste-eeuse vaardighede

- Die 21ste-eeuse leerruimte bevorder die 4K's – kollaborasie (samewerking), kritiese denke, kreatiwiteit en kommunikasie.
- 21ste-eeuse leer behels hoë denkvlakke, sosiale interaksie, betrokkenheid, die verkenning van digitale geletterdheid en die ontwikkeling van visuele geletterdheid.
- Die 21ste-eeuse onderwyser moedig bespreking aan, skep 'n gevoel van gemeenskap, en stel leerders in staat om te sê wat hulle eie idees is en leer deur digitale platforms te verken.
- Die 21ste-eeuse leerder verbind hom/haar daartoe om vaardighede te ontwikkel deur in groepe te werk, hulle vermoë om innoverend te wees op te bou en nuuskierige kennissoekers te wees om probleme op te los.
- Lesse moet daarop gemik wees om geleenthede in te sluit om 21ste-eeuse vaardighede, die 4K's, te bevorder.

3.6 Stap 1: Voorbereiding

- Daar word van onderwysers verwag om 'n onderrigplan te ontwerp wat vir die onderrig- en leerkonteks van hulle spesifieke skool geskik is. Voorbeelde van lesplanne kan insluit:
  - Weeklikse plan (een les per week)
  - 'n Plan vir 15 minute aan die einde van elke praktiese les
  - Moduleplan (elke les vir een week per kwartaal)
- Leerders moet regdeur die proses onder toesig wees en mag nie die PAT kry om sonder toesig buite die skoolrooster te doen nie. Beide die praktiese en geskrewe komponente moet by die kwartaalbeplanning in berekening gebring word.
- Onderwysers is verantwoordelik vir die bestuur van die leerders ná skoolure/gedeelde tyd vir die gebruik van lokale/toerusting, ens. en om hulle veiligheid te verseker. Dit vereis dat onderwysers op die terrein is terwyl leerders repeteer.
- Onderwysers is verantwoordelik vir die byhou van 'n register van bywoning van alle lesse vir alle leerders.
- Daar word van onderwysers verwag om die proses te monitor om te verseker dat punte geldig en betroubaar is.

3.7 Stap 2: Lesbeplanning

- 'n Effektiewe lesplan verhoog die leerkrag van leerders. Dit help leerders dus om te beweeg van ontvangers van kennis na aktiewe soekers van leer en betrokkenheid.
- Onderwysers moet gedetailleerde lesplanne opstel wat die proses wat die leerders moet volg wanneer hulle choreografeer, uiteensit.
  - Besluit watter hulpbronne (video's, musiek, rekwisiete, ens.) benodig word
  - Beplan die praktiese en skriftelike aktiwiteite wat saam met die leerders uitgevoer moet word. Die geskrewe aspek moet weerspieël wat in die praktiese klas gedoen word.
  - Beplan navorsingsaktiwiteite, bv. lees artikels, kyk video's, luister na potgooie, skep breinkaarte
  - Fasiliteer improvisasie-aktiwiteite wat danselemente (ruimte, tyd en krag) en choreografiese strukture (kanon, stilte, unisoon, herhaling, motiewe, simmetrie en asimmetrie) ondersoek

3.8 Stap 3: Organisering van die leerders

- Elke leerder moet 'n afskrif van die PAT-instruksieopdrag kry. As slegs swart en wit drukwerk beskikbaar is, bied 'n ander opsie om die opdrag in kleur ten toon te stel, bv. projekteer op die bord, stuur 'n elektroniese weergawe van die PAT per e-pos of *WhatsApp*, druk een kleurweergawe uit en plak dit op die klaskamermuur.
- Onderwysers moet besluit hoe om die groepering van leerders te bestuur. Om die leerders self te laat kies, kan die volgende uitdagings bied:
  - Gevoelens kan seergemaak word as iemand uitgelaat word
  - Beste vriende werk nie altyd goed saam nie
  - 'n Groep leiers wat saamwerk, kan bots
  - 'n Groep volgelinge weet dalk nie waar om te begin nie, ens.
- Organiseer die leerders in groepe van 3–6 waar nodig.
- Indien hulle in 'n groep choreografeer, moet leerders EEN choreografiese werk lewer met al die lede van die groep wat tot hierdie werk bydra. Elke leerder moet egter sy/haar eie individuele joernaal indien en 'n skriftelike weergawe van sy/haar persoonlike bydrae tot die groep se choreografie gee.
- In die geval waar daar slegs 1 of 2 graad 12-leerders mag wees, kan dansers van ander grade gebruik word om in die choreografie/danswerk te dans.
- Die PAT vereis dat leerders 'n groepdans produseer. Hulle mag nie 'n solo of duet produseer nie.
- Onderwysers moet die belangrikheid dat leerders by hulle keuse hou, met hulle bespreek om te verseker dat tydraamwerke en sperdatums nagekom word.

3.9 Stap 4: Joernaalvereistes

- Elke leerder moet 'n aangewese joernaal hê vir die geskrewe inhoud van die proses en produk van die PAT. Die PAT moet nie in die taakboek gedoen word wat vir algemene studiedoeleindes gebruik word nie
- Die leerderriglyne (instruksies aan leerders) op bladsye 11–19 in die PAT-dokument moet aan leerders gegee word om hulle bewus te maak van al die vereistes.
- Leerders moet die nasienkriteria (puntestate en rubrieke) op bladsye 21–26 ontvang voordat hulle met die PAT begin, om hulle beplanning en voorbereiding te rig.
- Alhoewel die geskrewe werk 'n persoonlike weergawe van die leerder se eie ervarings is, moet die onderwyser die refleksieproses lei.
- Daar word van onderwysers verwag om die leerders se geskrewe werk gereeld te lees om vordering te moniteer en terugvoering vir verbetering in die joernale te gee. Gereelde terugvoering vir verbetering moet ook tydens klastyd gegee word.
- Onderwysers moet seker maak dat elke leerder 'n joernaal het en dat dit na elke PAT-les gebring word.
- Die joernaal kan in 'n hardekopieboek of digitaal gedoen word deur middel van toepassings soos Google Docs/Slides, Canva.
- Onderwysers moet die belangrikheid van die joernaal met die leerders bespreek.
  'n Joernaal is nuttig om:
  - Vordering te monitor
  - Algemene beplanning en voorbereiding te doen
  - Die gebruik van danselemente en choreografiese strukture te beplan
  - Produksie-elemente te ontwerp
  - Groep- en selfrefleksie/-besinning deur die hele proses te skryf
  - 'n Een-bladsy-programnota te beplan en te ontwerp
- Onderwysers moet leiding gee met betrekking tot die een-bladsy-programnota wat die volgende moet insluit:
  - 'n Titel
  - Sinopsis/Bedoeling (Intensie)
  - Die choreograwe, opvoerders/dansers en produksiespan
  - Kreatiewe ontwerp (kleur-, uitleg-, lettertipe- en beeldkeuses)
- Die ontwerp van die programnota moet direk verband hou met die gekose tema/bedoeling.

3.10 Stap 5: Begeleiding van leerders in die opstel van 'n finale produk

1. **Om denkprosesse in 'n konkrete konsep te plaas deur die gekose tema na te vors/ondersoek**
   - Onderwysers moet leerders met hulle navorsing begelei en hulle help om te beplan en te eksperimenteer om hulle tema/bedoeling in choreografie uit te beeld.

2. **Interpretasie van die gegewe idee/tema/storie in relevante bewegingswoordeskat**
   - Onderwysers moet leerders herinner aan en verduidelik hoe om improvisasie en verkenning te gebruik om relevante bewegingswoordeskat, wat simbolies van hulle gekose tema is, te skep.
   - Onderwysers moet leerders lei in hoe om dit te verken deur gebare, motiewe en kort bewegingsfrases te gebruik.

3. **Inkorporering van danselemente (ruimte, tyd en krag)**
   - Onderwysers moet die gebruik van danselemente in alle klasse inkorporeer sodat leerders 'n diepgaande begrip kan hê van hoe dit gebruik kan word.
   - Voorbeelde:
     - Ruimte – verkenning van verskillende vlakke, positiewe en negatiewe ruimte, rigtings, unisoon, begin en einde
     - Tyd – ondersoek die spoed van bewegings, stilte, kanon en unisoon, ens.
     - Krag – verkenning van dinamika, kontras, bewegingskwaliteit (bv. sag, hard, rof en saggeaard)

4. **Inkorporering van choreografiese strukture/middel**
   - Let daarop dat dit met danselemente oorvleuel.
   - Onderwysers sal aktiwiteite wat verskillende choreografiese strukture ondersoek (bv. kanon, unisoon, patrone, stilte, motiewe, tegnologie, herhaling), moet fasiliteer en leerders help om choreografiese strukture wat gepas is vir die tema/bedoeling van hulle choreografie, te kies en toe te pas.

5. **Verken verskillende soorte musiek en/of begeleiding**
   - Onderwysers word aangemoedig om 'n verskeidenheid verskillende musieksoorte en begeleiding in praktiese klasse te gebruik.
   - Onderwysers sal leerders moet begelei in die keuse van musiek en/of begeleiding wat geskik is vir die tema/bedoeling van hulle choreografie.

6. **Seleksie en redigering**
   - Onderwysers moet leerders lei in die keuse van die mees relevante bewegings-woordeskat wat hulle tydens die eksperimenteringsproses ontwikkel het.
   - Onderwysers moet leerders begelei oor hoe om 'n geskikte opvoerruimte vir die choreografie (konvensionele/nie-konvensionele ruimtes) te kies.

7. **Ontwerp van produksie-elemente**
   - Beplanning vir die gebruik van produksie-elemente deur elke leerder moet nie tot hulle werklike opvoering beperk word nie.
   - Leerders moet aangemoedig word om dit wat hulle in die produksie sou gebruik indien hulle toegang tot onbeperkte hulpbronne gehad het, te ontwerp/skep/konseptualiseer.
   - Die relevansie/simboliek van hoe produksie-elemente die betekenis van die werk sal versterk, moet in die leerderjoernale verduidelik word.
   - Onderwysers moet simboliek bespreek en die leerders daaraan herinner hoe dit gebruik kan word om die choreografie te verbeter.

8. Repetisie en afronding van die danswerk vir 'n finale aanbieding

- Onderwysers moet leerders aanmoedig om addisionele tyd buite klastyd te vind om hulle werk te oefen en af te rond.

9. Ontwerp 'n een-bladsy-programnota

- Onderwysers moet leiding gee oor die vereistes en inhoud van die programnota.

10. 'n Verklaring van egtheid word van elke leerder vereis, wat verklaar dat hulle choreografie nie plagiaat is nie.

11. Leerderrefleksies

- Onderwysers moet die leerders regdeur die PAT begelei om groeprefleksies oor die proses te doen. 'n Finale groeprefleksie oor hoe die groep gewerk het (interaksies, positiewe en negatiewe waarnemings) moet in die joernaal voltooi word wanneer die finale produk aangebied word.
- Onderwysers moet die leerders regdeur die PAT lei om selfrefleksies oor die proses te doen. 'n Finale selfrefleksie (sterk punte/swak punte/groei) moet in die joernaal voltooi word wanneer die finale produk aangebied word.

4. PAT-TEMA VIR 2025

Herinneringe

Deur dans word herinneringe meer as blote onthou. Elke herinnering dra sy eie gewig, tekstuur en emosie, wat wag om in beweging verweef te word. Herinneringe verweef eggo's van die verlede met realiteite van die hede en oorbrug die gaping tussen wat was en wat kom. Deur choreografie is ons in staat om herinneringe in vloeiende, ekspressiewe bewegings vas te vang. Deur hierdie proses word herinneringe, met hulle brose drade wat deur tyd weef, die stimuli vir choreografie.

Voorbeelde van stimuli en benaderinge:

1. *Persoonlike herinneringe:*
   Reflekteer oor jou eie ervarings en emosies.
   Kry inspirasie uit belangrike oomblikke, mense, plekke, of gevoelens wat by jou resoneer.
   Gebruik beweging om vreugde, hartseer, nostalgie of enige ander emosies wat met herinneringe geassosieer word, uit te druk.

2. *Foto's en visuele kuns:*
   Verken ou gesinsfoto's, persoonlike albums of visuele kuns (skilderye, beeldhouwerke) wat herinneringe oproep.
   Ontleed die komposisie, kleure en emosies wat in hierdie beelde uitgebeeld word. Vertaal dit in bewegingsfrases.

3. *Musiek en klanklandskappe:*
   Kies musiek wat herinneringe of emosies oproep.
   Dit kan 'n gunstelingliedjie wees, 'n melodie uit jou kinderjare of omgewingsgeluide.
   Laat die ritme, tempo en stemming van die musiek jou choreografie lei.

4. *Voorwerpe en rekwisiete:*
   Kies voorwerpe of rekwisiete wat met spesifieke herinneringe verband hou. Byvoorbeeld, 'n kinderspeelding, 'n brief of 'n kledingstuk.
   Inkorporeer hierdie rekwisiete in jou bewegings. Hoe beïnvloed interaksie met hulle jou choreografie?

5. *Emosionele toestande:*
   Verken verskillende emosionele toestande wat met herinneringe geassosieer word: geluk, hartseer, verlange, woede, ens.
   Gebruik bewegingseienskappe (skerp, vloeiend, volgehoue) om hierdie emosies oor te dra.

6. *Ruimtelike verkenning:*
   Herroep spesifieke plekke wat aan herinneringe gekoppel is. Byvoorbeeld, 'n park, 'n huis uit jou kindertyd, 'n skool.
   Verken ruimtelike patrone, paaie en vlakke wat hierdie plekke verteenwoordig. .

Kopiereg voorbehou

5. LEERDERRIGLYNE: PAT-OPDRAG

Watch

[https://bit.ly/3THmB67]

[https://bit.ly/3XsGsHa]

Listen

HAND-ME-DOWNS

Read

January 14, 2021

HAND-ME-DOWNS

In January,
birthdays are celebrated
with a bucket of KFC, a simple cake and Coca-Cola.
Schools open in January, so do not even consider throwing a party:
if you were allowed to invite your friends from next door,
you were lucky.

But even with January syndrome,
we made sure to not attend the first day of school
in our November uniform or December braids,
even if they were still in good condition.
Everything had to be brand new: hair relaxed or shaved,
Vaseline so thick it could withstand any and all weather.
We were shiny and hopeful.

KOLEKA PUTUMA

5.1 Leerderinstruksies

- Jy kan individueel of in groepe van 3–6 werk om hierdie PAT te voltooi.
- Daar word van jou verwag om 'n choreografie van 2–3 minute te choreografeer met behulp van die **stimulus/tema** wat verskaf word.
- Hierdie PAT sal vir **lewendige optrede** op 'n **konvensionele verhoog** gechoreografeer word. Jy kan dit ook wysig vir 'n **terreinspesifieke ruimte** en/of **film**.
- Hierdie PAT kan uitgevoer word as 'n openbare/skoolopvoering/byeenkoms/in die dansklas of aanlyn.
- 'n Afskrif van jou PAT-opdrag sal aan jou gegee word. Hierdie opdrag moet by jou joernaal ingesluit word.
- Jy sal ook die rekordhoudingblaaie en nasienrubrieke kry wat gebruik sal word om jou werk te assesseer.
- Daar word van jou verwag om 'n aparte choreografiejoernaal te hou om jou PAT-proses van begin tot einde te dokumenteer, deur die PAT-proses en kontrolelyste wat verskaf word, te volg.

5.2 Groepwerk

- As jy in 'n groep werk, moet elke groeplid ten volle deelneem aan die proses om 'n idee te vanaf die beginstadiums tot die finale produksie van die voltooide werk ontwikkel. Elke individuele joernaal moet hulle bydrae tot die ontwikkeling van die idee duidelik dokumenteer.
- Hierdie PAT sal jou vermoë toets om in 'n span te werk en leierseienskappe en inisiatief te toon. Daar sal van jou verwag word om saam te werk, te kommunikeer en probleme op te los, beide as 'n groep en individueel.

5.3 Tydraamwerk

- Die PAT behoort ongeveer 8–10 weke te neem om te voltooi. Gedurende skoolure sal daar lestyd aan jou toegeken word vir improvisasie en repetisie.
- Jy sal elke week ekstra tyd moet maak as jy jou begrip van improvisasie en choreografie wil verdiep en 'n betekenisvolle finale produk wil aanbied.
- Die PAT is deurlopend, en jou onderwyser sal verskeie geleenthede bied dat jy kan aanhou verbeter soos wat jy leiding ontvang en jou vaardighede ontwikkel.

5.4 Ontleding van die choreografiese proses

Kom ons kyk na die **formaat** van jou PAT-taak:

Proses

Konseptualisering deur die ontwikkeling en verwesenliking van kreatiewe idees

Hier sal jy jou inspirasie vind, navorsing bymekaarmaak, eksperimenteer en jou idees verken.

Jy sal punte kry vir:

- Joernaalskryf/-beplanning = 25 punte
- Praktiese eksperimentering = 25 punte

Produk

Maak, bied aan, dokumenteer en besin oor jou finale kreatiewe werk

Hier sal jy werk om jou finale dans aan te bied. Jy sal ook veilige danspraktyke moet oorweeg, hoe om jou proses en finale choreografie te dokumenteer, watter omgewing/rekwisiete/ kostuums/beligting jy sal gebruik om jou werk te verbeter.

Jy sal punte kry vir:

- Een-bladsy-programnota = 25 punte
- Praktiese voltooide danswerk = 25 punte

Die Joernaal

Jou PAT-joernaal is waar jy die ontwikkeling van jou danswerk vanaf die begin van die opdrag tot die verwesenliking van jou finale idees sal aanteken.

Dit sal al jou idees, navorsing, refleksie en beplanning insluit.

Jou joernaal moet:

- 'n **Rekord van jou persoonlike reis** wees. Dit moet jou inspirasie, navorsing en planne bevat om jou idees lewendig te maak.
- Insig gee in hoe jy van plan is om aan die vereistes van die PAT-opdrag te voldoen.
- Beelde, aanhalings, artikels, 'n video, ens. van jou idees soos dit gedurende die choreografiese proses ontwikkel, bevat.
- **Al jou denkprosesse** wat gelei het tot die maak van jou finale danswerk, **duidelik oordra**.
- Jou **individualiteit**, **begrip** en **kreatiwiteit** as 'n Dansstudie-leerder weerspieël.
- Toon dat alle geskrewe werk gedateer is om jou vordering deur die proses te toon.

Beplanning en skepping in jou joernaal is 'n proses wat gereelde refleksie vereis, en jy moet al jou idees neerskryf wat tot die finale produk lei.

PAT-proses = 50 punte

1. Identifiseer/Vra

- Die eerste ding waarby jy gewoonlik betrokke raak, is die tema en wat dit vir jou beteken.
- Tweedens sal jy die opdrag ontleed en bepaal wat jy gevra is om te doen. Soek die spesifikasies (die spesifieke dinge wat jy moet doen) wat in die opdrag uitgelig is. (Dit kan in 'n breinkaart/dinkskrum gedoen word)
- Wat is jou reaksie op die opdrag?
  Vra jouself die volgende vrae:
  - Wat moet ek doen?
  - Wat is my eerste idees?
  - Waaroor is ek opgewonde?
  - Waarvoor is ek bang?
  - Hoe sal ek dit aanbied?
- Wat is die finale uitkoms? Jy moet 'n geskrewe/visuele rekord met 'n **beginpunt** (die opdrag) en 'n **gevolgtrekking** (jou finale choreografie) en die **reis** tussenin (jou improvisasie/eksperimentering met beweging/danselemente/choreografiese strukture en jou joernaal) skep.

2. Versamel/Leer/Speel

Begin om jou navorsing te doen

- Die volgende fase in die proses is waar jy inspirasie begin versamel in reaksie op die tema en die opdrag.
- **Doen navorsing** oor ten minste SES beelde/gedigte/artikels/aanhalings/video's, ens. wat met jou tema verband hou. Sluit dit by jou joernaal in en lewer kommentaar op wat jy oor elkeen interessant vind.
- Maak 'n **stemmingsbord** ('mood board') wat die tipe bewegings/gebare/kleure/ opvoerruimte, ens. waarmee jy wil werk, uitbeeld, wat kombineer om die die algehele 'bui' van jou choreografie te toon.

3. Ontleed/Kyk/Dink

Verfyn jou rigting.

- Jy moes nou al die gekose rigting wat jy vir jou danswerk gaan neem, **verfyn het** (jy kan nie alles insluit nie).
- Finaliseer jou **bedoeling** deur 'n kort refleksie te skryf, waarin jy duidelik aandui hoe jy die opdrag gaan nakom. Wees spesifiek!

Dit moet die volgende insluit:

- Begin deur **jouself** as 'n danser te beskryf, asook die **spesifieke vaardighede** wat jy het. Dui aan in watter **dansstyl(e) of genre(s**) jy spesialiseer en op watter area(s) van hierdie dissiplines jy gaan focus, bv.: 'Ek is 'n kontemporêre danser wat ook hip-hop buite die skool doen. Ek sal met 'n mengsel/samesmelting van dansstyle werk. Ek stel ook belang in videografie en sal 'n danswerk vir die kamera skep.'
- Laastens, beskryf jou **bedoeling**. Verduidelik, met behulp van soveel besonderhede moontlik, wat jy wil hê jou danswerk moet uitdruk (die storie of idee agter die werk) en hoe jy te werk gegaan het om hierdie idees in beweging te bring.
- Op hierdie stadium wil jy **bewyse** van oorspronklikheid insluit – dit sluit foto's/video-materiaal in van jou werk aan jou choreografiese idees.

Kontrolelys vir Choreografieproses	✓
1. Identifiseer/Vra • Ek het betrokke geraak by die tema/vraag van die opdrag.	
2. Versamel/Leer/Speel • Ek het verwante inligting in my joernaal versamel. • Ek het navorsing ingesluit wat met die tema verband hou. • Ek het met hierdie idees deur improvisasie en eksperimentering geëksperimenteer. • Ek het 'n stemmingsbord gemaak wat my choreografiese idees uitdruk.	
3. Ontleed/Kyk/Dink • Ek het my idee in die vorm van 'n refleksie verpersoonlik. • Ek het my bedoeling en hoe ek beplan om my idees in beweging te bring, duidelik oorgedra. • Ek het foto's/videomateriaal wat my choreografiese proses toon, ingesluit.	

Kreatiwiteit is om te sien wat almal gesien het, en te dink aan wat niemand gedink het nie

ALBERT EINSTEIN

PAT-produk = 50 punte

4. Ontwikkel/Saamsmelt



Verbind die kolletjies.

Dit is 'n belangrike deel van die proses waar jy idees begin saambondel, op soek na **onverwagte kombinasies**. Die verbinding van baie kolletjies elimineer 'n paar en voeg ander by. Suksesvolle kreatiwiteit kom nooit van net een idee nie, maar eerder uit 'n kombinasie van verskeie.

Noudat jy jou inspirasie ingesamel het en met jou choreografiese benadering geëksperimenteer het, kan jy begin om jou danswerk vir die finale aanbieding daarvan voor te berei.

- Begin deur te oorweeg hoe jy die werk wil **begin** en **eindig**. Dit is belangrik omdat dit die toneel voorberei en die boodskap/gevoel/emosie wat jy wou uitdruk, afsluit.
- Besluit oor die **sekwense** van jou idee, die volgorde waarin dit gaan verskyn.
- Finaliseer hoe jy die musiek/begeleiding/effekte **interpreteer** en enige wysigings/snitte wat aangebring moet word.
- As jy verfilm, moes alle **plekke** reeds gekies gewees het. Besluit oor die volgorde van die verfilming van jou sekwense.
- Selfs as jy nie vir die kamera choreografeer nie, moet jy jou finale produk verfilm sodat jy die visuele effek wat jou gehoor sal hê, kan sien en finale aanpassings kan maak.

5. Reflekteer/Kies

Verduidelik jou besluite.

Welgedaan! Jy het nou besluit en jou finale idees vir die aanbieding gekies!

Laastens, **reflekteer oor jou choreografiese proses** in die vorm van 'n opstel.

Beantwoord die volgende vrae:

- Waarvan het ek gehou en wat sou ek anders doen?
- Het ek voldoen aan die vereistes wat in die opdrag vir my uiteengesit is?
- Hou ek van wat ek gechoreografeer het?
- Watter nuwe vaardighede/tegnieke het ek geleer?

Finale choreografieproduk

- ✓ Jou finale danswerk sal meer suksesvol wees as jou konseptualisering/beplanning deeglik is.
- ✓ Jy werk nou al 'n geruime tyd aan jou joernaal- en danswerk en moes 'n duidelike konsep vir die finale praktiese produk ontwikkel het.
- ✓ Nou is dit tyd om met die produksie/uitvoering van jou finale danswerk te begin.
- ✓ Onthou: Daar moet 'n duidelike verband tussen jou joernaal en jou finale produk wees.

6. Maak/Bied aan

Soos jy in jou studie van danswerke en letterkunde gesien het, is die boodskap en betekenis oop vir interpretasie. Jy het dalk 'n baie spesifieke idee of boodskap in jou danswerk ontwikkel, maar die kyker kan dalk 'n ander betekenis vind. Dit is die krag van dans – dat dit oop is vir interpretasie. So, jou finale werk kan op baie maniere geïnterpreteer word.

10 punte om in ag te neem by die skepping van die finale produk om 'n suksesvolle danswerk te verseker

1. **Tegniese vaardighede:** 'n Idee is net so goed soos die uitvoering daarvan. Swak gemaakte werk sal 'n goeie idee vernietig. Jy moes voldoende choreografiese vaardighede oor die VOO-tydperk van drie jaar ontwikkel het.
2. Die produk moet voldoen aan die **vereistes** van die opdrag en **nasienrubriek**.
3. **Styl:** Daar is geen spesifieke voorskrifte ten opsigte van die styl van die danswerk nie.
4. **Formele danselemente en -beginsels:** Onthou die belangrikheid van die elemente en beginsels van dans, soos ruimte, tyd en krag.
5. **Choreografiese strukture:** Dit kan 'n danswerk maak of breek. Komposisie is die rangskikking of organisasie van die visuele komponente op 'n manier wat vir die kyker aangenaam is. Hulle kan ook die kyker se oog na die **fokuspunte in die werk** aanmoedig of lei. Die beginsels van komposisie, soos eenheid, beweging, proporsie, balans, ritme, kontras, ens., speel 'n belangrike rol in die skep van visuele belangstelling.
6. **Wees 'n risikonemer:** Moenie bang wees om kanse te waag nie. Jy moet die kans aangryp om te eksperimenteer en nuwe dinge te probeer. Streef altyd daarna om kreatief en innoverend te wees.
7. **Persoonlik:** Laat die werk die vingerafdruk van jou individuele styl insluit. Moenie bang wees om jou eie styl te hê nie. Stereotipiese werke kry gemiddelde punte.
8. **Werk met jou sterk punte:** Kies om in die dansgenres/opvoermedium (konvensionele/ nie-konvensionele ruimtes, film of lewendige optrede, ens.) te werk waarmee jy die gemaklikste is.
9. **Geniet** wat jy doen en skep iets met visuele belangstelling.
10. **Tyd** is 'n faktor wanneer jy die praktiese werk doen, so moenie dit mors nie, anders gaan jy onvoltooide werk uitvoer en inhandig.

10 sleutelpunte om in ag te neem wanneer een-bladsy-programnota vir 'n dansopvoering ontwerp word:

1. **Titel en tema:** Noem die titel van die opvoering duidelik en beskryf kortliks die algehele tema of konsep. Dit stel die konteks vir die gehoor.
2. **Choreograaf se nota:** Sluit 'n boodskap of nota van die choreograaf in, wat hulle inspirasie, kreatiewe proses en wat hulle hoop die gehoor uit die opvoering sal wegneem, verduidelik.
3. **Vertoningbesonderhede:** Maak 'n lys van die datum, tyd en plek van die optrede. Hierdie inligting moet prominent vertoon word vir maklike verwysing.
4. **Rolverdelingslys:** Verskaf 'n lys van die opvoerders/dansers, hulle name en rolle ingesluit. Dit gee erkenning aan die dansers en stel die gehoor in staat om hulle te identifiseer.
5. **Musiek en klank:** Noem die musiek of klankbane wat in die uitvoering gebruik word, die komponiste, musikante of orkeste ingesluit. Dit gee erkenning aan die oorspronklike kunstenaars en dra by tot die gehoor se begrip van die uitvoering.
6. Bied 'n kort **sinopsis** of beskrywing van die dansstuk aan. Dit help die gehoor om die narratiewe of tematiese elemente van die opvoering te volg.
7. **Erkennings:** Sluit 'n afdeling in om individue, organisasies of borge te bedank wat tot die produksie bygedra het. Dit toon waardering en erken hulle ondersteuning.
8. **Biografieë:** Verskaf kort biografieë van sleutelbydraers, soos die choreograaf, hoofdansers en artistiese regisseur. Dit gee die gehoor insig in hulle agtergronde en prestasies.
9. **Visuele aantrekkingskrag:** Ontwerp die programnota met 'n visueel aantreklike uitleg, met behulp van foto's, grafika of kleure wat die tema van die opvoering aanvul. Dit verbeter die algehele aanbieding.
10. **Kontakinligting:** Sluit kontakbesonderhede vir die dansgeselskap of produksiespan in, soos 'n webwerf, e-posadres of sosiale-media-handvatsels. Dit moedig lede van die gehoor aan om kontak te maak en toekomstige optredes te volg.

Voorbeelde van programnotas:

[https://bit.ly/programmenotes]

Onthou om vir daardie **WOW!!**-faktor te mik. Dit beteken om 'n werk te skep wat persoonlik is, terwyl jy reageer op die beperkings en spesifikasies in die opdrag. Jy wil 'n werk skep wat vir die kyker boeiend is en hom/haar intrek.

Aan die einde van die proses sal jy jou dans en geskrewe finale produkte moet aanbied. Dit sal ook insluit om dit in 'n digitale formaat aan te bied/in te dien.

Die BELANGRIKSTE is dat jy hard moet werk, maar ook geniet wat jy doen. Onthou hoe gelukkig jy is om jouself kreatief te kan uitdruk en oorspronklike idees te produseer.

Kontrolelys vir Choreografieproduk	✓
4. Ontwikkel/Saamsmelt • Ek het 'n kreatiewe danswerk gemaak. • Ek het my proses gedokumenteer.	
5. Reflekteer/Kies • Ek het oor die finale werk gereflekteer. • Ek het gereflekteer oor hoe ek OF die groep gewerk het. • Ek het tydens hierdie proses selfrefleksie oor my eie sterk en swak punte en groei gedoen.	
6. Maak/Bied aan • Ek het my een-bladsy-programnota voltooi. • Ek het noukeurig oorweeg hoe ek die finale produk gaan aanbied.	

6. VERKLARING VAN EGTHEID

'N VERKLARING VAN EGTHEID MOET VOOR IN JOU JOERNAAL GEPLAK WORD

VERKLARING VAN EGTHEID	
Hierdie verklaring moet deur die leerder voltooi en onderteken word en deur die onderwyser onderteken word en dek alle bewyse wat ingedien is.	
Leerder se naam en van:	Datum:
Ek verklaar dat die aangehegte PRAKTIESE ASSESSERINGSTAAK my eie werk is en geen werk deur iemand anders as deur myself of my groep insluit nie. Ek het hierdie taak voltooi volgens instruksies en binne die vasgestelde tydsbeperkings.	
Leerder se handtekening:	Datum:
Onderwyser se bevestiging Namens _____ (skoolnaam), verklaar ek dat die bogenoemde leerder, na my beste wete, die choreograaf is van die voltooide opdrag is wat aangeheg is en dat die assessering onder die vereiste toestande voltooi is.	
Onderwyser se handtekening:	Datum:
Skoolhoof se handtekening:	Datum:

SKOOLSTEMPEL

7. PAT-NASIENINSTRUMENTE

7.1 Kwartaal 1: PAT-proses-puntestaat

NAAM VAN SKOOL: **NAAM/NAME VAN ONDERWYSER(S):** **ONDERWYSER(S) SE HANDTEKENING(E):** **TITEL VAN DIE CHOREOGRAFIE:** **DEPARTEMENTSHOOF/MODERATOR SE HANDTEKENING:**	**Leerder 1**	**Leerder 2**	**Leerder 3**	**Leerder 4**	**Leerder 5**	**Leerder 6**
KWARTAAL 1-PROSES: GESKREWE WERK IN JOERNAAL						
1. Navorsing/Ondersoek oor gekose tema/bedoeling/idee om 'n danswerk te konseptualiseer						
2. Verduidelik die gebruik van improvisasie by die ontwikkeling van relevante bewegings-woordeskat/simboliek						
3. Verduidelik die keuse van musiek/begeleiding en hoe dit die danswerk verbeter/versterk het/ bygedra het tot die danswerk						
4. Die redes vir die finale keuse van opvoerruimte/film; Die verkenning en gebruik van danselemente en choreografiese strukture						
5. Beplan die produksie-elemente en hoe dit die danswerk/simboliek versterk het						
6. Refleksie oor hoe die groep met mekaar omgaan en saamwerk; Selfrefleksie oor deelname en ontwikkeling						
SUBTOTAAL: 25						
KWARTAAL 1-PROSES: PRAKTIESE ONTWIKKELING VAN PAT IN DIE KLAS						
7. Voorbereidheid, toewyding en bydrae tot 'n groepdans						
8. Improvisasie wat kritiese denke, kreatiwiteit en eksperimentering van die opdrag toon						
9. Eksperimentering met musiek/begeleiding – keuse om die dans te verbeter						
10. Verkenning van produksie-elemente, film/konvensionele/nie-konvensionele dansruimtes. Eksperimentering met danselemente en choreografiese elemente/-strukture						
11. Produksiebeplanning toon 'n duidelike visie vir die finale produk						
12. Spanwerk (mense en tydsbestuursvaardighede); Leierskap en organisatoriese vaardighede						
SUBTOTAAL: 25						
TOTALE HOLISTIESE PUNT VIR LEERDERPRESTASIE: 50						

7.2 Kwartaal 1: PAT-proses-nasienrubriek – Geskrewe Werk

KWARTAAL 1: GESKREWE WERK IN JOERNAAL – 25 PUNTE ***Die leerder kan met insig en begrip oor die volgende areas skryf:***		
HOOG (18–25)	**MEDIUM (9–17)**	**LAAG (1–8)**
1. Navorsing/Ondersoek: Konseptualisering van denkprosesse deur navorsing/ ondersoek/kyk na 'n konkrete konsep vir die gekose tema	**Navorsing/Ondersoek:** Aanpassing van denkprosesse deur navorsing/ondersoek na 'n konsep vir die gekose tema	**Navorsing/Ondersoek:** Geleide reaksie op navorsing/ ondersoek na 'n konsep vir die gekose tema
2. Improvisasie: Ontleding van improvisasie/ eksperimentering en abstraksie van bewegingstrategieë om 'n bewegingswoordeskat te ontwikkel wat vir die gekose tema geskik is	**Improvisasie:** Verduideliking van improvisasiestrategieë om 'n bewegingswoordeskat deur eksperimentering vir die gekose tema te ontwikkel	**Improvisasie:** Lys van improvisasiestrategieë met geleide instruksies gedoen
3. Musiek/Begeleiding: Evaluering van hoe musiek/ begeleiding gekies is – proses/ redes en hoe dit die gekose tema verbeter het	**Musiek/Begeleiding:** Verduideliking van hoe musiek/ begeleiding gekies is en hoe dit die gekose tema verbeter het	**Musiek/Begeleiding:** Identifisering van musiek/ begeleiding wat vir die gekose tema gebruik is
4. Verkenning van produksie-elemente: Ontleding van hoe opvoerruimte/film/ danselemente/choreografiese strukture ondersoek is en finale keuses gemaak is om die gekose tema te verbeter	**Verkenning van produksie-elemente:** Verduidelik die keuse van opvoerruimte/film/ danselemente/choreografiese strukture wat in die gekose tema geïnkorporeer/gebruik moet word	**Verkenning van produksie-elemente:** Identifiseer opvoerruimte/film/ danselemente wat in die gekose tema gebruik moet word
5. Produksiebeplanning: Skep 'n samehangende plan om alle areas van produksie te inkorporeer en hoe dit die beoogde danswerk/simboliek sal verbeter	**Produksiebeplanning:** Toon kennis van produksie-elemente en hoe om dit by die gekose tema in te sluit	**Produksiebeplanning:** Identifiseer produksie-elemente
6. Refleksie oor groep/self: Evalueer sterk en swak punte/ magsverhoudings/ leierskaprolle/spanwerk/insette/ voorbereidheid/toewyding en kan strategieë vir verbetering in Kwartaal 2 aanbeveel	**Refleksie oor groep/self:** Beskryf sterk en swak punte/ spanwerk/insette/voorbereidheid/ toewyding en kan areas vir verbetering in Kwartaal 2 identifiseer	**Refleksie oor groep/self:** Noem sterk en swak punte gedurende die proses om 'n danswerk te skep Kan nie sinvol reflekteer nie

7.3 KWARTAAL 1: PAT-proses-nasienrubriek – Prakties

KWARTAAL 1: PAT-PROSES PRAKTIES – 25 PUNTE *Die leerder kan betrokke raak by improvisasie en eksperimentering met visie/insig oor hoe om 'n danswerk te ontwikkel (toon driejaar-VOO-ontwikkeling):*		
HOOG (18–25)	**MEDIUM (9–17)**	**LAAG (1–8)**
7. Gereedheid/Toewyding/ Bydrae: Toegewyde deelname aan die ontwikkeling van 'n betekenisvolle danswerk Toon sinvolle bydrae tot elke les met insiggewende begrip van hoe om voor te berei	**Gereedheid/Toewyding/Bydrae:** Gedissiplineerde deelname aan ontwikkeling van 'n danswerk Toon bydrae tot elke les met en toon begrip van hoe om voor te berei	**Gereedheid/Toewyding/ Bydrae:** Onverskillige deelname aan ontwikkeling van 'n danswerk, en toon minimale bydrae tot elke les en geen begrip van hoe om voor te berei nie
8. Improvisasie: Artikuleer veelvuldige/kreatiewe improvisasiestrategieë om 'n relevante bewegingswoordeskat vir die gekose tema te ontwikkel	**Improvisasie:** Eksperimentering met veelvuldige improvisasie-strategieë om 'n bewegings-woordeskat vir die danswerk te ontwikkel	**Improvisasie:** Begeleide reaksie op improvisasiestrategieë om 'n bewegingswoordeskat vir die danswerk te ontwikkel
9. Musiek/Begeleiding: Interpretasie en ondersoek van die gekose musiek/begeleiding om musikaliteit en opvoerkwaliteit te ontwikkel	**Musiek/Begeleiding:** Eksperimenteer met die gekose musiek/begeleiding om die gekose tema te ontwikkel	**Musiek/Begeleiding:** Onentoesiastiese deelname, verskaf geen eie opinies nie en stem saam met die musiek/ begeleiding wat deur die groep verskaf word
10. Verkenning van produksie-elemente: Kreatiewe verkenning van geskikte produksie-elemente om die gekose tema uit te druk en toon 'n diepgaande begrip van komposisiestrukture (opvoerruimtes/danselemente/ choreografiese strukture/ tegnologie)	**Verkenning van produksie-elemente:** Verkenning van produksie-elemente vir die uitdrukking van die gekose tema wat 'n begrip van opvoerruimtes/ danselemente/choreografiese strukture/tegnologie toon	**Verkenning van produksie-elemente:** Minimale/Geen verkenning van produksie-elemente vir die uitdrukking van die gekose tema nie, en verskaf geen bewyse van driejaar-VOO-voorbereiding nie
11. Produksiebeplanning: Verkenning van alle areas gedurende die proses voordat finale besluite vir die gekose tema geneem word	**Produksiebeplanning:** Sommige areas is gedurende die proses ondersoek voordat finale besluite vir die gekose tema geneem word	**Produksiebeplanning:** Minimale/Geen oorweging is gedurende die proses om finale besluite vir die gekose tema te neem, geskenk nie
12. Spanwerk, leierskap en organisatoriese vaardighede: Samewerking met groepslede dra ten volle by tot die algehele sukses van die danswerk deur probleme te bestuur en uitstekende organisatoriese vaardighede	**Spanwerk, leierskap en organisatoriese vaardighede:** Dra by tot die algehele sukses van die danswerk deur deelname en samewerking met groepslede	**Spanwerk, leierskap en organisatoriese vaardighede:** Volg groepslede en sukkel om tot die algehele sukses van die danswerk by te dra

7.4 Kwartaal 2: PAT-produk-puntestaat

NAAM VAN SKOOL: **NAAM/NAME VAN ONDERWYSER(S):** **ONDERWYSER(S) SE HANDTEKENING(E):** **<u>GEKOSE TEMA:</u>** **TITEL VAN DIE CHOREOGRAFIE:** **DEPARTEMENTSHOOF/MODERATOR SE HANDTEKENING:**	**Leerder 1**	**Leerder 2**	**Leerder 3**	**Leerder 4**	**Leerder 5**	**Leerder 6**
KWARTAAL 2-PRODUK: EEN A4-BLADSY-PROGRAMNOTA *Elke leerder moet 'n programnota saamstel wat hulle gekose tema insluit. Dit kan in harde kopie of elektronies ingedien word om driejaar-VOO-ontwikkeling in ontwerpvaardighede te toon.*						
1. **Sinopsis:** Die opdrag is verstaan en die gekose tema is vasgelê en deur woorde/gedigte/ aanhalings/beelde/prente, ens. uitgedruk.						
2. **Inhoud:** • Titel van die danswerk • Die choreograaf (leerder in die groep wat indien) en kort agtergrondinligting • Dansers – name van die ander dansers in die groepdans • Musiek/Begeleiding om erkenning aan die kunstenaar/groep, snit gebruik, ens. in te sluit						
3. **Ontwerp-elemente:** Geskik vir die gekose tema, kreatiwiteit, aandag aan detail (uitleg, fonts, prente/beelde, spasiëring, kennis van visuele geletterdheid wanneer 'n programnota aangebied word)						
4. **Algehele indruk:** Die pogramnota toon 'n samehangende aanbieding met denke en moeite wat aan die finale produk gedoen is.						
SUBTOTAAL: 25						
KWARTAAL 2-PRODUK: FINALE DANSUITVOERING						
5. **Interpretasie van die 2025-PAT-leerderopdrag:** • Die gekose tema is duidelik herkenbaar in die finale danswerk. • Die gebruik van dans- en choreografiese elemente toon kreatiwiteit en relevansie van die gekose tema. • Die bewegingswoordeskat word simbolies gebruik om die gekose tema uit te beeld. • Produksie-elemente en musiek/begeleiding is relevant en verbeter die gekose tema. • Opvoerruimtes (konvensionele of nie-konvensionele ruimte) of opvoeraanbieding (verfilm/ lewendige optrede)						
6. **Opvoerkwaliteit:** • Spanwerk: interpretasie van bewegings en vermoë om by 'n gehoor aan te sluit/impak • Fokus en toewyding						
7. **Algehele indruk** van die finale danswerk met inagneming van alle areas						
SUBTOTAAL: 25						
HOLISTIESE PUNTE VAN PRESTASIE (Geskrewe en Prakties): 50						
TOTALE PUNT OOR <u>TWEE KWARTALE</u>: 100						

7.5 Kwartaal 2: PAT-produk-nasienrubriek – Een-bladsy-programnota

KWARTAAL 2: PAT-PRODUK GESKREWE – EEN-BLADSY-PROGRAMNOTA – 25 PUNTE ***Die leerder kan 'n sinvolle programnota met insig en begrip van ontwerpelemente produseer:***		
HOOG (18–25)	**MEDIUM (9–17)**	**LAAG (1–8)**
1. Sinopsis: • Konseptualisering en produksie van 'n relevante/ insiggewende programnota wat belangstelling by die kyker sal skep en die gekose tema vasvang	**Sinopsis:** • Die vervaardiging van 'n programnota wat inligting aan die kyker sal verskaf	**Sinopsis:** • Basiese nota verskaf/ geen begrip van ontwerpelemente en doel van 'n programnota nie
2. Inhoud: • 'n Relevante titel wat die gedagtes prikkel oor die gekose tema • Interessante insig in die choreograaf • Dansers is erken • Musiek/Begeleiding is erken	**Inhoud:** • 'n Titel is verskaf wat in 'n mate met die gekose tema verband hou • Choreograaf is ingesluit • Dansers is erken • Musiek/Begeleiding is erken	**Inhoud:** • 'n Paar van die vereiste areas van 'n programnota is ingesluit • Minimale begrip van vereistes
3. Ontwerpelemente: • Gepas vir gekose tema wat kreatiwiteit en aandag aan detail toon: uitleg, fonts, beelde/prente, spasiëring, kennis van visuele geletterdheid in aanbieding	**Ontwerpelemente:** • Gekose tema toon aandag aan detail: uitleg, fonts, beelde, spasiëring, aanbieding	**Ontwerpelemente:** • Basiese begrip van ontwerpelemente/ programnota swak aangebied wat minimale moeite met die vervaardiging van die programnota toon
4. Algehele indruk: • Uitstekende aanbieding in alle aspekte met aandag aan detail en hoë vlakke van visuele geletterdheid/ kreatiwiteit getoon	**Algehele indruk:** • Goeie aanbieding met alle aspekte ingesluit/aandag aan detail getoon/vlakke van kreatiwiteit getoon	**Algehele indruk:** • Swak aanbieding met minimale moeite getoon/ gebrek aan kreatiwiteit

7.6 Kwartaal 2: PAT-produk-nasienrubriek – Finale Dansuitvoering

KWARTAAL 2: PAT-PRODUK FINALE DANSUITVOERING – 25 PUNTE ***Die leerder kan 'n finale danswerk produseer wat die gekose tema met bedoeling en betekenis oordra (toon driejaar-VOO-ontwikkeling):***		
HOOG (18–25)	**MEDIUM (9–17)**	**LAAG (1–8)**
5. Interpretasie van die 2025-PAT-leerderopdrag: • Die gekose tema het 'n duidelike en herkenbare boodskap en interpreteer die opdrag met insig. • Die gebruik van dans- en choreografiese elemente is ontwikkel om die gekose tema te versterk. • Simboliek in die bewegingswoordeskat word duidelik getoon om die gekose tema te versterk. • Produksie-elemente wat gekies is, verbeter die gekose tema en is relevant. • Kreatiewe gebruik van opvoerruimte wat die tema en bedoeling van die danswerk duidelik versterk, is duidelik sigbaar.	**Interpretasie van die 2025-PAT-leerderopdrag:** • Die gekose tema het 'n vae boodskap en die opdrag is nie met begrip gevolg nie, maar 'n goed saamgestelde danswerk is aangebied. • Dans- en choreografiese elemente is ingesluit, maar versterk nie die tema nie. • Die bewegingswoordeskat toon nie die gekose tema duidelik nie. • Produksie-elemente wat gekies/gebruik is, hou nie verband met die gekose tema nie. • Die gebruik van opvoerruimte versterk nie die gekose tema nie.	**Interpretasie van die 2025-PAT-leerderopdrag:** • Minimale betrokkenheid by die opdrag • Minimale begrip van die driejaar-VOO-proses in die ontwikkeling van 'n PAT-danswerk. • Minimale betrokkenheid by/belangstelling in die proses en produk om met 'n groep te werk om 'n finale produk te skep • Gebruik van opvoerruimte is beperk en versterk nie die tema nie
6. Opvoerkwaliteit: • Spanwerk goed gevestig om 'n opvoering van hoë opvoerkwaliteit te produseer, om bewegings te produseer wat by die gehoor aansluiting vind/impak/fokus en toewyding • Fokus en toewyding deurgaans getoon en betrek die gehoor	**Opvoerkwaliteit:** • 'n Bietjie spanwerk om voldoende opvoerkwaliteit te produseer; interpretasie van bewegings vind op plekke nie aansluiting by die gehoor nie • Fokus en toewyding op plekke getoon	**Opvoerkwaliteit:** • Spanwerk is minimaal en produseer lae opvoerkwaliteit; interpretasie van bewegings is beperk en kan nie 'n gehoor betrek nie • Fokus en toewyding is minimaal
7. Algehele indruk: • Genaturaliseerde opvoering deur die groep wat deurgaans aandag aan detail, akkuraatheid, projeksie en hoë opvoerkwaliteit toon	**Algehele indruk:** • Presiese vertoning deur die groep wat akkuraatheid, projeksie en opvoerkwaliteit in die danswerk toon	**Algehele indruk:** • Vertoning nie voldoende gerepeteer deur die groep nie, wat beperkte opvoerkwaliteit in die danswerk toon

8. VERWYSINGS

1. Blink Dance Theatre. (22 May 2022) *Memory House Dance film 2020* [Video]. *YouTube*. https://www.youtube.com/watch?v=pxeewBqoCPg

2. Cuncic, A, MA. (29 June 2020) *Neurolinguistic programming for social anxiety disorder*. Verywell Mind. https://www.verywellmind.com/neurolinguistic-programming-treatment-3024213

3. Trust, DDM, & Trust, DDM. (12 April 2023) HAND-ME-DOWNS - DGMT. *DGMT - The DG Murray Trust*. https://dgmt.co.za/hand-me-downs/

4. Volcone. (16 February 2019) *#Memory: Podcast Playlist from #Podcast Brunch Club*. Podcast Brunch Club. https://podcastbrunchclub.com/memory/

9. GEVOLGTREKKING

Na voltooiing van die praktiese assesseringstaak moet leerders in staat wees om hulle begrip van die bedryf te toon, hulle kennis, vaardighede, waardes en redenasievermoëns te versterk, en ook betrekkinge buite die klaskamer te vestig en uitdagings in die wêreld daar buite aan te durf. Die PAT ontwikkel verder leerders se lewensvaardighede en gee aan hulle die geleentheid om by hulle eie leerervarings betrokke te raak.

Kopiereg voorbehou